

28 April

Skrifgedeelte: Job 19:13-29

Fokusgedeelte: Job 19:25-27

Om God te sien ...

Job voel van God en mens verlate!

- Wanneer hy na God om hulp roep, kry hy geen reaksie nie (19:7). Wanneer hy na God wil gaan, is sy pad versper (19:8). Alles wat hy gehad het, het God van hom weggevat (19:9-10). Hy ervaar selfs dat God hom as vyand beskou en behandel (19:11-12). Job beleef iets van wat Jesus laat uitroep het: *My God, my God, waarom het U my verlaat?* (Mark 15:34).
- Maar ook het Job se broers, sy familie, sy huismense, sy werkers hom weggeskuif (19:13-15). Hy walg sy vrou. Kindertjies spot hom. Almal minag en verafsku hom (19:16-19). Hy ervaar iets van Jesus se lyding: *Hy was verag en deur die mense verstoot ...* (Jes. 53:3).

En tog ... tog sê Job: *Ek sal nog lewe en God sien.*

Om God te sien. Dis wat Adam en Eva in die paradys weggesmyt het. Dis wat Moses, Dawid, Filippus begeer het. Maar ... mense vol sonde kan God nie sien en bly leef nie. En tog sê Job met sekerheid: *Met my eie oë sal ek Hom sien.*

Hoe is dit moontlik – hierdie absolute teenstelling: Godsverlate en tog: *Ek sal Hóm sien?* Daar is net een antwoord ... Job se kreet: *Ek weet dat my Losser leef.* 'n Losser het ter wille van jou opgetree. Hy het jou belange beskerm, gesorg dat jy weer jou oorspronklike posisie ingeneem het, selfs jou dood gewreek. En Job is oortuig hy het so 'n Losser wat vir hom gaan intree. Dis hoekom hy – Godverlate – tog kan bely: *Ek sal Hóm sien!*

Hoe reg was Job nie! Sy – en jou en my – Losser leef. Sy Naam ... Jesus Christus. Hy is deur God verlaat, deur mense weggestoot ... sodat jy en ek by God kan kom, Hom kan sien. Jesus het die Vader kom bekendmaak (Joh. 1:18). Jesus straal God se heerlikheid uit, lyk soos God (Heb 1:3). Jesus sorg dat ons God met ons eie oë sien en bly leef!

Besef jy hoe bevoorreg jy is ... OM GOD TE SIEN? Verlang jy daarna om God te sien?

Sing: Skrifberyming 17-2:1-4

Ds PW Kurpershoek (Middelburg, Mpumalanga)